D.J. Opperman

As jy nog nie hierdie bekende gedig genaamd “Sproeireën” teëgekom het nie, sal jy dit wel een of ander tyd in die klas behandel.

My nooi is in ’n nartjie,

my ouma in kaneel,

daar’s iemand … iemand in anys,

daar’s ’n vrou in elke geur!

Dié gedig is deur **D.J. Opperman** geskryf – een van die **invloedrykste** digters in Afrikaans. Hy het nege digbundels en drie **dramas** geskryf. Opperman is ook bekend vir die talle **bloemlesings** wat hy saamgestel het, veral die bekende *Groot Verseboek*. Dié boek is in 1951 saamgestel, maar is telkens daarna hersien.

Hy was ’n **bekroonde** digter en het vier keer die Hertzog-prys (wat soos ’n Oscar-toekenning vir **literêre** werk in Afrikaans is) gewen – twee keer vir **poësie** en twee keer vir drama. Opperman het ’n groot invloed op ander digters gehad, hy was ’n **dosent** in Afrikaans en het ook digbundels vir **uitgewers** gekeur. As **boekkeurder** het hy saam met digters gewerk en het ook **slypskole** vir aspirantdigters aangebied. [1]

Grootwordjare

Die digter is as Diederik Johannes Opperman op 29 September 1914 op die plaas Geduld nr. 2 naby Dannhauser in Dundee in Noord-Natal (vandag die noordelike deel van KwaZulu-Natal) gebore. Sy pa, Diederick Johannes, was ’n skaapboer en só ook sy oupa en ooms. Sy pa het egter groot **verliese** op die plaas gely en hy het besluit om ’n ander werk te soek. [2]

Sy ma se naam was Heila Susanna Magdalena (née Botha). Opperman was die

oudste van sewe kinders (vyf seuns en twee dogters).

Die gesin het na Ladysmith verhuis, maar nie lank daar gebly nie. Hulle is in 1918 na Memel in die Vrystaat en sy pa het daar as ’n **grofsmid** gewerk. Dit was net die begin van vele verhuisings, want sy pa het werk by die spoorweg gekry en hulle moes **telkens** trek.

Opperman, wat Dirk genoem is, het by Engelse skole op Estcourt en later Colenso skoolgegaan.

Toe hy 11 jaar oud was, het hy **maagkoors** opgedoen. Die mediese wetenskap was in daardie tyd nog nie so gevorderd soos vandag nie en min mense het toe dié siekte oorleef. Hy het ’n paar maande in ’n Rooms-Katolieke hospitaal in Pietermaritzburg deurgebring, en dit gelukkig oorleef.

Hulle het in daardie stadium nog op Colenso gebly, maar toe Opperman se pa in 1926 hartprobleme ontwikkel het, moes hy sy werk by die spoorweë bedank. Hulle het hul huis daar verkoop en weer na Estcourt getrek. Opperman was toe in standerd ses (graad 8) en was ’n **uitblinker** op skool. Sy pa het hom en sy broers egter uit die skool gehaal omdat hulle hom met die opknapping van hul nuwe huis moes help en ook ’n klein boerdery help bedryf het.

Opperman was gewoond aan harde werk en moes dikwels vakansies op sy oupa se plaas gewerk het.

Uitblinkerleerling

Hy het die skool baie gemis en kon nie wag om terug te keer nie. Hy kon egter eers twee jaar later weer skool toe gaan. Hy was toe 16 jaar oud en die gesin het na Vryheid in die Vrystaat getrek. Hy was daar in standerd sewe (graad nege) en het ook vir die eerste keer van sy klasse in Afrikaans ontvang.

Hy het hard gewerk en dikwels tot drieuur in die oggend gelees. Hy was baie slim en was altyd die toppresteerder in sy klas.

Dit is ook op Vryheid waar Opperman vir Marié van Reenen, wat later sy vrou sou word, op skool ontmoet het. Sy was, nes hy, in die debatsvereniging. Opperman se

slag met woorde was al op skool duidelik, en dit verbaas nie dat hy die **redakteur** van die skooljaarblad was nie. Sy eerste gedigte is ook daarin **gepubliseer**.

Sy onderwysers by sy nuwe skool het ’n groot invloed op hom gehad en daar was van hulle wat hul liefde vir Afrikaans met hom gedeel het en hom geïnspireer het om in Afrikaans te skryf.

Opperman het in 1934 die Universiteit van Suid-Afrika se matriekeksamen afgelê en die beste in die Hoër Taalbondeksamen gevaar. Hy het ’n onderwysbeurslening ontvang om van 1935 af aan die Natalse Universiteitskollege in Pietermaritzburg te studeer. Opperman het eers die grade BA (met Hollands en sielkunde), MA (Hollands, met Afrikaans) en ‘n Hoër Onderwysdiploma (HOD) behaal.

Hy het aanhou skryf en het ook tydens sy studiejare **artikels** vir koerante gelewer.

Vroeë loopbaan

Opperman het van 1940-1945 as onderwyser by Hoërskool Voortrekker gewerk en het daar saam met Marié van Reenen, sy skoolmaat, skoolgegee. Die paartjie is in 1942 getroud en het drie dogters, Trienke, Heila en Diederi, gehad.

Opperman, wat al op laerskool sy eerste gedigte geskryf het, het ook gedigte op universiteit geskryf. Hy het ook kortverhale en **resensies** oor nuwe boeke geskryf. Opperman se eerste verhaal is in 1934 in *Die Huisgenoot* gepubliseer. Dit was die begin van verskeie verhale wat in dié tydskrif gepubliseer is.

Sy eerste digbundel, *Heilige beeste*, is in 1945 uitgegee en is twee jaar later met die Hertzog-prys bekroon. Opperman het in Junie 1945 by Hoërskool Helpmekaar (vandag ’n privaat skool en bekend as Helpmekaar Kollege) in Johannesburg begin skoolhou, maar is kort daarna ’n pos op die **redaksie** van *Die Huisgenoot* aangebied. Hy het die pos aanvaar en Kaap toe getrek.

Hy het ook aanhou dig en sy tweede bundel, *Negester oor Ninevé*, is in 1947 gepubliseer.

Dit was moeilik om te dig en as joernalis te werk en hy is op 1 Maart 1949 as lektor (en later as senior lektor) in Afrikaans-Nederlands aan die Universiteit van Kaapstad aangestel. Hy het dié posisie tot 1959 beklee.

Die pragtige kampus van die Universiteit van Kaapstad.

Skryfwerk

Die volgende poësie waaraan hy gewerk het, was ’n vyfdelige **epiese gedig**, *Joernaal van Jorik*, wat een van sy bekendstes sou word. Dit is in 1949 gepubliseer, terwyl nog ’n bundel, *Engel uit die klip*, in 1950 gepubliseer is.

Hy het ook met ’n groot werk begin deur ’n reeks bloemlesings uit die Afrikaanse poësie vir Nasionale Pers saam te stel. Die gevolg was die *Junior verseboek*, *Senior verseboek* en *Groot verseboek* in 1951 en *Lied van die land* in 1954. *Lied van die land* was ’n bloemlesing van gedigte waarin Suid-Afrika se natuur **besing** is.

Opperman het sy doktorsgraad op 12 Desember 1952 verwerf met ’n **tesis** “Die vernuwing van dertig in die Afrikaanse poësie”. Dis uiteindelik ook in boekvorm onder die titel *Digters van Dertig* uitgegee.

Opperman het besluit om ’n drama te skryf en die gevolg was ’n **versdrama**, *Periandros van Korinthe*, wat in 1954 gepubliseer is. Die stuk is **op die planke gebring** en ook op die radio uitgesaai. Dit is **hoog aangeskryf** en is onder meer met die W.A. Hofmeyr-prys in 1954 en die Hertzog-prys in 1956 bekroon.

Sy tweede drama was *Vergelegen,* wat in 1956 verskyn het. Dit is op 22 Augustus 1964 in Kaapstad opgevoer en het saam met Opperman se 50ste verjaardag geval.

Opperman het nie opgehou dig terwyl hy aan sy versdramas gewerk het nie. In Mei 1956 is *Blom en baaierd* gepubliseer, wat in dieselfde jaar met die W.A. Hofmeyr-prys bekroon is.

Oorsese reis

Die **sakemagnaat** Anton Rupert van die maatskappy Rembrandt het besluit om van dié maatskappy se winste in die vorm van skenkings aan Afrikaanssprekendes wat presteer, te gee, en ’n reisbeurs vir Opperman is goedgekeur.

Hy wou nog altyd oorsee gereis het en hy en sy vrou het op Desember 1956 per boot vanaf Kaapstad na Southampton, Engeland, vertrek. Hulle het van daar af ook ander lande, soos Nederland en Duitsland, besoek. Die Europese reis het baie vir Opperman en sy **kreatiwiteit** beteken en ’n digbundel het ook later gevolg.

Die sakemagnaat Anton Rupert.

Dosent en skrywer

Die Universiteit van Stellenbosch (nou die Universiteit Stellenbosch) het in 1959 vir Opperman ’n pos aangebied en hy het in Januarie 1960 daar as professor in Afrikaanse letterkunde begin werk. Hy het hierdie pos tot sy aftrede in 1979 behou.

In dieselfde jaar is ’n bloemlesing van sy werk (sy eerste vier digbundels) gepubliseer. Dit is *Astrak van die gedigte van D.J. Opperman* genoem.

Opperman het ook by die universiteit ’n “letterkundige laboratorium” begin om aspirantdigters te help. Dit was só gewild dat hy ná sy aftrede in 1979 by die laboratorium aangebly het om jong digters te help.

Opperman se digbundel *Dolosse* is in 1963 uitgegee en dis ook met verskeie pryse, soos die CNA- en W.A. Hofmeyr-prys bekroon. Sy volgende bundel is *Kunsmis* genoem en dit is in 1964 uitgegee.

Voëlvry (1968) was Opperman se derde versdrama en die tema was Louis Tregardt se trek na Delagoabaai. Dit is in opdrag vir die 1966-Republiekfees geskryf en is in 1969 met ’n Hertzog-prys vir drama bekroon. Die Universiteit van Natal in Pietermaritzburg het Opperman in 1968 met ’n **eredoktorsgraad** vereer. Hy het ook in 1971 ’n buitelandse erelid van die Koninklijke Vlaamse Academie voor Taal- en Letterkunde geword.

Sy volgende bundel is *Edms. Bpk.* genoem en is in 1970 gepubliseer.

Opperman het in 1974 sy 60ste verjaardag gevier en verskeie bundels het verskyn om dié **mylpaal** te gedenk, soos ’n bundel opstelle oor sy werk, *Woord en wederwoord*, besprekings oor sy bundels in *DJ Opperman: dolosgooier van die woord*, vroeëre opstelle van hom in *Naaldekoker*, en *Verse vir Opperman*, wat verse deur 24 vooraanstaande Suid-Afrikaanse digters bevat.

Terugslag, terugkeer en toekennings

Opperman het teen die einde van 1975 siek geword en is aan die begin van 1976 in die hospitaal met hoë bloeddruk en **akute lewerversaking** opgeneem. Sy toestand het binne die eerste tien dae só versleg dat hy in ’n **koma** verval het. Niemand buiten sy vrou het gedink hy sou dit oorleef nie. Daar is vyf keer gemeen dat hy sou sterf. Hy het egter herstel – wat as ’n wonderwerk beskryf is – en is in Augustus 1976 uit die hospitaal ontslaan. Hy moes egter van voor af leer skryf en dit was ’n swaar herstelpad.

Hy het gelukkig weer begin skryf en sy bundel *Komas uit ’n bamboesstok: Die mirakelagtige terugkeer ná lewerversaking van ene Marco Polo*, is in 1979 uitgegee. Die bundel is met onder meer die CNA-prys (1979), die Louis Luyt-prys (1980), die W.A. Hofmeyr-prys en die Hertzog-prys in 1980 bekroon.

Op 27 Junie 1980 het die Universiteit van Kaapstad ook ’n eredoktorsgraad aan Opperman toegeken en in 1982 het die Universiteit van Pretoria dieselfde gedoen. Opperman het in 1982 die **Dekorasie** vir Voortreflike Diens van die staatspresident ontvang en in 1985 die Gustav Preller-prys vir Literatuurwetenskap van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vir sy **literêre kritiek** en wetenskap.

Sterfte en laaste werk

Opperman was besig om aan ’n nuwe digbundel, *Sonklong*, te werk, maar hy het op 22 Junie 1981 ’n **beroerte** gehad. Hy is in September 1982 in ’n tehuis in

Stellenbosch opgeneem en is op 22 September 1985 oorlede. Hy het sy vrou, drie dogters en ses kleinkinders agtergelaat. Sy weduwee, Marié, is in Augustus 1999 oorlede.

Sy vrou het in 1994 vir John (J.C.) Kannemeyer toegelaat om na sy onvoltooide **manuskrip** te kyk en daar is besluit om dit as ’n “wordende kunswerk” uit te gee. So is *Sonklong oor Afrika* in 2000 gepubliseer.

Ná Opperman se dood het verskeie boeke verskyn wat hom vereer het, soos J.C. Kannemeyer se *DJ Opperman: ’n **biografie**, Die bonkige Zoeloelander: DJ Opperman in beeld, Kolonnade – ‘n studie van Opperman se poësie* (deur Lina Spies) en sy *Versamelde poësie.*

Opperman se skryfwerk

Naam	Literêre vorm	Publikasiedatum	Uitgewer
Heilige beeste	Poësie	1945, 1947	Kaapstad: Nasionale Pers Boekhandel
Negester oor Ninevé	Poësie	1947, 1958, 1964, 1967, 2004	Kaapstad: Nasionale Pers Boekhandel Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Stellenbosch: African Sun Media
Joernaal van Jorik	Poësie	1949, 1955, 1960, 1964,1970, 1972, 1973, 1974, 1987, 1988, 1989	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Pretoria: Academica Kaapstad: Tafelberg
Engel uit die klip 1947-1950	Poësie	1950, 1954, 1956, 1971, 1978, 1989	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Digters van Dertig	Literêre kritiek (proefskrif)	1953, 1962, 1967, 1973	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Nasou

Periandros van Korinthe	Versdrama	1954,1955, 1956, 1960, 1961, 1963, 1964, 1967, 1969, 1971, 1972	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Vergelegen	Drama	1956, 1961, 1964,1971,1978, 1987	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Blom en baaierd	Poësie	1956, 1957, 1971, 1973, 1979, 1984	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Wiggelstok	Letterkundige opstelle	1959, 1975	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Astrak van die gedigte van D.J. Opperman	Poësie	1960	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk
Dolosse	Poësie	1963	Kaapstad: Nasionale Boekhandel Beperk Kaapstad: Tafelberg
Kuns-mis (1947-64)	Poësie	1964	Kaapstad: Human & Rousseau
Voëlvry: Kroniekspel van ’n voortrek	Drama	1968, 1974, 1986	Kaapstad: Human & Rousseau
Edms. Bpk.	Poësie	1970	Kaapstad: Human & Rousseau
Komas uit ’n bamboesstok: synde die mirakelagtige terugkeer ná lewerversaking van ene Marco Polo	Poësie	1979, 1981	Kaapstad: Human & Rousseau
Versamelde poësie	Poësie	1987	Kaapstad: Tafelberg; Human & Rousseau
Sonklong oor Afrika: faksimilee, transkripsie en konstruksie van ’n bundel verse-in-wording. Redakteur: J.C. Kannemeyer	Poësie	2000	Kaapstad: Tafelberg

Woordbank

akute	Kritieke, ernstige, erge, lewensgevaarlike.
artikels	Berigte, skryfstukke.
bekroonde	Iemand wie se werk ’n prys/medalje ontvang het.
beroerte	Skielike vermindering/verlies van bewussyn wanneer are wat suurstof na die brein bring, bars of deur ‘n bloedklont verstop word.
besing	Prys, loof, ophemel.
bloemlesings	’n Versameling van poësie/prosa.
boekkeurder	Persoon wat verantwoordelik is vir die lees van manuskripte wat vir publikasie oorweeg word.
biografie	Die geskiedenis van iemand se lewe wat beskryf word; lewensbeskrywing.
dekorasie	Medalje, ereteken.
dosent	Persoon wat les gee aan ’n inrigting vir tersiêre onderwys.
dramas	Toneelspel. Direkte voorstelling deur handeling, dialoog, mimiek en gebare van menslike gebeure; gebeurtenis met dramatiese elemente.
epiese gedig	Ook bekend as epos, is ’n lang verhalende gedig wat dus ’n lang storie vertel.
eredoktorsgraad	’n Mens kry ’n eredoktorsgraad vir uitsonderlike prestasies, maar jy hoef nie ’n eksamen af te lê nie.
gepubliseer	Om iets soos ’n verhaal in ’n boek/tydskrif/ens. te laat druk sodat mense dit kan lees.
grofsmid	Iemand wat ysterwerk doen.
hoog aangeskryf	Voortreflik, uitmuntend, uitstekend.
invloedrykste	Wat groot invloed het/uitoefen.
koma	’n Onnatuurlike diep slaap; ’n toestand van volkome bewusteloosheid.
kreatiwiteit	Om die vermoë te hê om iets te skep.

literêre	Wat met literatuur/letterkunde verband hou.
literêre kritiek	Dit is die interpretasie, ontleding en beoordeling van ’n teks.
lewerversaking	Wanneer die lewer ophou om te funksioneer.
maagkoors	Aansteeklike siekte wat hewige koors veroorsaak en wat deur kieme veroorsaak word. Ook ingewandskoors genoem.
manuskrip	’n Skrywer se handgeskrewe of getikte teks wat nog nie gepubliseer is nie.
mylpaal	’n Belangrike gebeurtenis/prestasie wat bereik is.
op die planke gebring	Opgevoer.
poësie	Die werke van digters of, ’n versameling gedigte.
prosa	Eenvoudige geskrewe taalgebruik, veral as letterkundige genre.
redaksie	Die skrywers van ’n dagblad; koerantskrywers.
redakteur	Iemand wat rigting gee en toesig hou oor die beleid van ’n publikasie.
resensies	Skryfstukke oor ’n boek waarin die boek beoordeel word.
sakemagnaat	’n Buitengewoon ryk of magtige sakepersoon; geldbaas.
slag met	Om iets goed te verstaan en te weet hoe om daarmee te werk.
slypskole	Werksessies waar ’n groep (onder leiding van ’n ervare persoon) bymekaarkom om hul werk te ontwikkel deur terugvoer en kommentaar te gee.
telkens	Keer op keer; dikwels; herhaaldelik.
tesis	Dis ’n wetenskaplike verhandeling (skryfstuk) soos ’n proefskrif ter verkryging van ’n doktorale graad.
uitblinker	Iemand wat besonder goed presteer.
uitgewer	Iemand wat boeke laat druk en versprei.
verliese	Skade, die verlore gaan van iets.

versdrama	’n Drama wat in versvorm geskryf is.

Lees dié artikels om meer te leer

- **Kort beskrywing van Opperman (Engels)**
- **In die “D.J. Opperman-gedenklesing” kan jy heelwat inligting kry (Afrikaans)**
- **Vind nóg meer uit**
- **Lees Opperman se “Sproeireën”**

Kyk dié video’s om meer te wete te kom

Luister na die toonsetting van “My nooi is in ’n nartjie” (“Sproeireën”) soos gesing deur Jan de Wet

Loer hier na ’n ontleding van een van sy gedigte